

DIE PROBLEEM, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Sport speel 'n belangrike rol in die moderne samelewing. ^{Namaste} te verdere ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegnologie plaasvind, word sport ook beïnvloed. 'n Moderne samelewing sonder sport is ondenkbaar. Sportafrigting kan 'n belangrike bydrae lewer tot die sinvolle verloop van die sportgebeure, aangesien dit 'n belangrike hoeksteen vir sportontwikkeling en sportdeelname vorm.

Met die onderhawige ondersoek word die aandag toegespits op die sportafrigtingspraktyk. Dit sluit byvoorbeeld die beheer en ^{koördinerings} van sportafrigting en deelnamegeleenthede vir sportlui in, asook die opleiding van die sportafrigter, sy taak en verantwoordelikheid, sy beroepsmoontlikhede, beroepsekerheid en besoldiging.

Die sake wat sport en in besonder sportafrigting in Suid-Afrika benadeel, word uitgelig. Hieruit volg verskeie hipotetiese uitgangspunte en die formulering van doelstellings wat met hierdie navorsing beoog word.

Die begrip "sport" vorm 'n integrale deel van die onderhawige studie en moet gevolglik toegelig word. Verder word die plek van sport in die maatskappy, asook die verskillende vlakke van sportbeoefening aangestip.

Die kernbegrippe sportkunde, sportafrigting, sportafrigter en sportdeelnemer word omskrywe.

Die begrip "professionalisering" en die implikasies daarvan op die sportafrigtingspraktyk word omskryf, terwyl die begrippe sportamateurisme en sportkommersialisme ook bespreek word.

Die sportafrigtingspraktyk in verskeie leidende buitelandse sportlande en dié in die Republiek van Suid-Afrika word bestudeer en geëvalueer.

Ten slotte word riglyne vir professionalisering in die sportafrigtingspraktyk voorgestel.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Suid-Afrikaanse sport word tans benadeel deur verskeie knelpunte wat sportdeelname en -prestasies nadelig beïnvloed. Sportafrigting, as 'n belangrike komponent van sport, word ook deur hierdie knelpunte benadeel.

'n Aansienlike aantal Suid-Afrikaners word óf as sportproduseerders óf as sportverbruikers by sport betrek (RGN, 1982, 1:39-43). Die sportgebeure het ook omvangryke finansiële implikasies tot gevolg en miljoene rande word jaarliks in Suid-Afrika aan sport bestee (RGN, 1982, 1:97).

Van der Stoep (1982:80) beweer ook in hierdie verband dat sportdeelname op alle vlakke meebring dat die deelnemer oor toerusting en uitrusting moet beskik. Dit bring mee dat die sportkultuur ook deel uitmaak van die ekonomie van die land.

Die omsette beloop miljoene rande, veral as die advertensiewaarde en die vermaaklikheidsmoontlikhede van sport in geld bereken word (Van der Stoep, 1982:80).

Die vraag ontstaan of die sportleiding van so 'n aard is dat sowel die kwaliteit van die sportgebeure as die aantal deelnemers daaraan, die aantal mense wat by sport betrokke is en die finansiële implikasies wat dit meebring, regverdig. Die opleiding van sportkundiges in Suid-Afrika is nie na wense nie. Botha (1981:95) beweer byvoorbeeld dat daar in Suid-Afrikaanse sport groot onkunde met betrekking tot wetenskaplike navorsing en opleiding bestaan. Alhoewel alle sportsoorte seker nie tot dieselfde mate hieraan skuldig is nie, moet erken word dat die situasie oor die algemeen onbevredigend is. 'n Effektiewe sportafrigtingspraktyk kan baie daartoe bydra om sinvolle sportdeelname moontlik te maak en die waarde van sportaktiwiteite in die gemeenskap te beklemtoon.

Die mate van onkundigheid in die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika kan moeilik verklaar word teen die agtergrond van die belangstelling in sport deur die Suid-Afrikaanse bevolking. Hierdie onkundigheid het sport en sportafrigting tot dusver al baie skade berokken.

In Suid-Afrika bestaan 'n duidelike anomalie met betrekking tot sportopleiding en -afrigting, aangesien verskeie sportkundiges tog bewus is van die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende en effektiewe afrigtingspraktyk, maar dit het tot dusver in slegs enkele gevalle navorsingstemas geword (RGN, 1982, 12:228). Tydens die sportondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing (RGN) wat in 1982 met die vrystelling van verskeie omvattende verslae ten einde geloop het, is bepaalde aspekte

aangaande sportafrigting beklemtoon, maar daar is ook bevind dat verdere navorsing in die verband noodsaaklik is.

Daar moet egter op gewys word dat sportnavorsing in die algemeen egter nie na wense is nie. Baitsch *et al.* (1977: 4) beweer byvoorbeeld dat ten spyte van die belangrikheid van sport, die verspreiding daarvan in talle wêrelddele en veelvuldige pogings om dit na te vors, daar baie aspekte is wat nog nie vanuit 'n wetenskaplike oogpunt ondersoek is nie. Die relatief klein mate van samehangende en voltooide sportnavorsing staan in skrilte kontras met die wêreldwye betekenis van sport.

Sport in Suid-Afrika het tans te make met geografiese en politieke isolasie (Botha, 1981:12). Navorsing in en die ordening van sportafrigting is dus des te meer 'n noodsaaklikheid omdat ook die afrigtingspraktyk deur die geografiese- en politieke isolasie van Suid-Afrikaanse sport nadelig beïnvloed mag word. As gevolg hiervan het internasionale sportkontak in sekere sportsoorte tans byna tot stilstand gekom.

Alhoewel die werklike afstande tussen lande as gevolg van die moderne tegnologie nie meer so 'n groot probleem is nie, is dit nogtans duur om voortdurend internasionale kontak tussen sportlui in die buiteland en binnelands te bewerkstellig.

Die politieke isolasie waarin Suid-Afrikaanse sport sedert die begin van die sewentiger jare verkeer, is egter 'n groter probleem as die geografiese isolasie, omdat die gesindhede van die internasionale sportwêreld eers sal moet verander voordat gereelde internasionale kompetisie weer sal kan plaasvind. Sport het al meer 'n politieke speelbal in die moderne samelewing

geword. Internasionale kontak vind wel in enkele gevalle plaas* maar dit is nie voldoende om die meerderheid Suid-Afrikaanse sportlui aan internasionale kompetisie bloot te stel sodat hul prestasies aan wêreldstandaarde gemeet kan word nie.

As gevolg van die gebrek aan internasionale mededinging is dit ook moeilik om die kwaliteit van Suid-Afrikaanse sportafrigting effektief te evalueer.

Hierdie situasie strek verder tot nadeel van sportafrigters omdat nuwe benaderings en ontwikkelinge in verskillende sportsoorte by die internasionale kompetisies waargeneem kan word. Volgens Botha (1981:13) is daar reeds in etlike sportsoorte 'n insinking in die gehalte van prestasies en bestuur, gemeet aan wêreldstandaarde, te bespeur. Dit word algemeen aanvaar dat isolasie met betrekking tot afrigting stagnasie tot gevolg het. Samewerking tussen belanghebbendes is dus nodig om vernuwing te inisieer sodat nuwe afrigtingskemas gestalte kan kry (Worthington, 1979:1).

Die dubbele isolasie maak dit noodsaaklik dat Suid-Afrikaners kompenseer met sportprestasies van wêreldgehalte en dit is noodsaaklik dat die agteruitgang van die Suid-Afrikaanse sportstandaard gestuit moet word.

Alhoewel hierdie sportisolاسie al meer as 'n dekade Suid-Afrikaanse sport benadeel, is daar gedurende hierdie tydperk weinig gedoen om die sportafrigtingspraktyk te sistematiseer en te

* Beroepsportlui wat aan individuele en spansportkompetisies deelneem ondervind in die meeste gevalle nie probleme om deel te neem nie.

stimuleer ten einde op so 'n wyse die nadelige uitwerking te probeer teenwerk.

Volgens sy edele die Minister van Nasionale Opvoeding (1982:5) is dit noodsaaklik dat "kwasikunde nou vir wetenskaplike voorbe=reidingsmetodes plek moet maak". Suid-Afrikaanse afrigters sal met die bestes ter wêreld moet vergelyk, indien sportmanne en -vroue van wêreldgehalte gekweek wil word. Sportafrigting is op alle deelnamevlakke belangrik omdat sinvolle afrigting sportdeelname en sportprestasie positief kan beïnvloed. Suid-Afrikaanse sportafrigting toon egter tans verskeie gebreke, met die gevolg dat die waarde van sport nie in die praktyk verwerklik word nie.

Sportafrigting op skool is in besonder van belang, aangesien 47% van alle sportdeelnemers volgens die 1980 sensusopgawe aan die skool verbonde was en die grondslag van sport in Suid-Afrika op skool gelê word (RGN, 1982, 8:8). In die lig van die feit dat 'n groot aantal van diegene wat in die skool met sportafrigting behulpsaam is, nie voldoende opgelei is nie, is dit tog verbasend dat Suid-Afrika sportlui van wêreldgehalte oplewer. Ons kan dus aflei dat as afrigting op skool op professionele grondslag berus, daar waarskynlik meer wêreldgehalte sportmanne en -vroue sou wees (RGN, 1982, 11:77).

Die gebrekkige sportopleiding van diegene wat op skoolvlak die sportleiding moet neem, het verder ook dié nadeel dat die werklike doel van sportdeelname, veral op skoolvlak, nie beseft word nie en dat die wen-motief gevolglik oorbeklemtoon word. Botha (1981:20) beweer dat die situasie vererger word deur druk wat deur die skool- en ouergemeenskap op die onderwyser-afrigter uitgeoefen word.

h Verdere probleem met betrekking tot Suid-Afrikaanse sportaf-
rigting, is die gebrek aan h liggaam wat verantwoordelikheid
vir sportafrigting op nasionale vlak aanvaar. Daar bestaan
nie h nasionale infrastruktuur vir die sportafrigtingspraktyk
nie.

Op verskeie ander terreine van die samelewing bestaan nasionale
liggame wat omsien na die behoefte van h bepaalde groep mense
wat belange by h spesifieke saak het. Hier kan byvoorbeeld
die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, die verskillende onderwy-
sersverenigings, die Haarkappersvereniging van Suid-Afrika,
die Suid-Afrikaanse Koorvereniging en selfs die Baksteenvereni-
ging van Suid-Afrika genoem word. Dit blyk h logiese veronder-
stelling te wees dat h struktuur wat direk gerig is daarop
om die belange van sportafrigting en die sportafrigter te bevor-
der, in die sportstruktuur van Suid-Afrika tereg sal moet kom.
Dit is des te meer h noodsaaklikheid as daarmee rekening gehou
word dat die afrigter, deur middel van die afrigting, die kos-
bare jong lewens in ons land positief of negatief kan beïnvloed.

Die gebrek aan h effektiewe infrastruktuur vir die sportafrig-
tingspraktyk skep besondere probleme. Hierdie probleme raak
ook die sportafrigters en sportdeelnemers. Dit geld besoldig-
de sowel as onbesoldigde afrigters en diegene wat vrywillig,
deelyds en voltyds dienste aan sport lewer. Probleme met
betrekking tot bepaalde aspekte naamlik die beheer en koördi-
nering van afrigting, die opleiding van afrigters, die vlakke
van deelname waarop afrigting plaasvind, die status van die
sportafrigter, die finansiering van sportafrigting en die beskik-
baarstelling van relatiewe inligting aan die sportafrigter
word ondervind.

Teenoor ander terreine, is die prioriteitstand van sport laag (RGN, 1982, 11:39). Waar die RSA reeds 'n tekort aan opgeleide mannekrag ervaar, word dit algemeen aanvaar dat die beskikbare mannekrag en middele eerder vir die hoër prioriteite aangewend sal word. Dit het tot gevolg dat die tekort aan opgeleide sportafrigters steeds groter word. Hierdie omstandighede noodsaak 'n geprofessionaliseerde benadering in die sportafrigtingspraktyk sodat die beperkte middele en mannekrag effektief aangewend kan word.

Dit is belangrik om egter daarop te let dat alhoewel terreine soos verdediging, die ekonomie, die onderwys en volksgesondheid in enige land, maar veral tans in Suid-Afrika, van kardinale belang is, die bydrae wat sport kan lewer om abnormale omstandighede te help normaliseer, nie uit die oog verloor moet word nie.

Toenemende verstedeliking en industrialisasie het ook oor die afgelope vyftig jaar plaasgevind - 'n tendens wat veral in die afgelope twintig jaar snel toegeneem het. Dit het onder andere gelei tot 'n groter bevolkingskonsentrasie in sommige gebiede, met groter eise wat aan sportvoorsiening gestel word (RGN, 1982, 11:39). Omdat afrigtingvoorsiening nie kan tred hou met die groter aanvraag nie, bestaan sportafrigting in verskeie areas gladnie.

Die geografiese uitgestrektheid van die land met 'n klimaat wat wissel van halfwoestyn af tot sub-tropies, veroorsaak dat geografiese veranderlikes 'n wesenlike invloed op sportdeelname het (RGN, 1982, 11:39). Hierdie faktore bemoelik afrigtingvoorsiening, aangesien 'n groot verskeidenheid omstandighede in berekening gebring moet word.

Die heterogene aard van die bevolking in die land lewer ook probleme, want as gevolg van die etniese, kulturele, sosio-ekonomiese- en godsdienstige verskille, verskil die behoeftes en belangstellings van die verskillende bevolkingsgroepe en gevolglik ook die aard van sportvoorsiening (RGN, 1982, 11:39).

Die kulturele verskille beïnvloed sportvoorkeure, terwyl die verskille in die sosio-ekonomiese peil van ontwikkeling in 'n groot mate die omgewing bepaal waar individue hulle vestig en ook die sportsoorte waaraan hulle voorkeur gee. In die verband beweer Lecumberri (1978:324) ook: "The possibility of practising sport is not the same in the different social classes".

Volgens Botha (1981:8) is die vernaamste beroepsprobleme in die afrigtingspraktyk die van beroepsekuriteit en -kontinuiteit. Die rede hiervoor is dat die doeltreffendheid van die afrigter gemeet word aan die welslae wat deur die individu of span wat afgerig word, behaal word. Die beeld van die afrigtersberoep in die maatskappy word geskaad deur die onsekerheid wat as gevolg van wisselende prestasies meegebring word. In die verband verwys Janbroers (1977:37) na twee stellings wat deur Libby en Kerr onderskeidelik gemaak is. Eersgenoemde het na sportafrigting verwys as die onsekerste beroep ter wêreld, terwyl laasgenoemde by geleentheid die bekende stelling "Coaches are hired to be fired" beklemtoon het. Sabock (1973:11) stel dit dat alhoewel beroepsekuriteit een van die eerste aspekte is waaraan in die arbeidsmark aandag gegee word, daar geen sekuriteit in die afrigtingsberoep bestaan nie. "Security in the coaching

profession can be simply described as the odds against getting fired" (Sabock, 1973:71). Sportafrigters word tans juis op deelydse grondslag aangestel sodat hulle makliker ontslaan kan word indien hulle nie die gewensde resultate bereik nie (Botha, 1981:9).

Uit die bespreking van die voorafgaande probleemstelling kan die kernaspekte as volg saamgevat word:

- Twyfel bestaan of die sportpotensiaal van die Suid-Afrikaanse bevolking, met betrekking tot kwaliteit en kwantiteit van deelname, ten volle ontwikkel word. Doeltreffende sportleiding moet daartoe bydra dat sowel die betrokkenheid van 'n groot aantal sportproduseerders en sportverbruikers, as die finansiële besteding aan sport, geregverdig is.
- Navorsing met betrekking tot die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika voldoen nie aan die nodige vereistes, sodat sportopleiding en -afrigting daarop gefundeer kan word nie.
- Alhoewel Suid-Afrikaanse sport al meer as 'n dekade deur sportisolasië benadeel word, is nog weinig gedoen om die sportafrigtingspraktyk te sistematiseer en te stimuleer, ten einde so te help om die nadelige uitwerking teen te werk.
- Onkundigheid in die sportafrigtingspraktyk het sport en sportafrigting tot dusver baie skade berokken.
- Die voorsiening van sportafrigting aan die heterogene Suid-Afrikaanse bevolking was tot dusver glad nie na wense nie en die grootste deel van hierdie bevolking

moet noodsaaklike leiding en dienste in hierdie verband ontbeer.

- Omdat Suid-Afrika nie oor 'n effektiewe infrastruktuur vir die sportafrigtingspraktyk beskik nie, word die sportdeelnemer, die sportafrigter en die sportafrigting benadeel.
- Die wesenskenmerke van sport word nie in die sportafrigtingspraktyk voldoende beklemtoon nie. Dit bring mee dat 'n skeeftrek van sportwaardes veral met betrekking tot topsportdeelname (op amateur en beroepsvlak) plaasvind.
- Sportafrigters in Suid-Afrika ondervind probleme met beroepsekuriteit en -kontinuiteit. Omdat suksesvolle afrigting slegs aan prestasie gemeet word, word die afrigtersberoep, as gevolg van wisselende prestasies, in 'n slegte lig gestel. Dikwels raak belowende afrigters vir die sportafrigtingspraktyk verlore, omdat daar in Suid-Afrikaanse sport nie voldoende voorsiening gemaak word vir beroepsmoontlikhede, beroepsekuriteit en -kontinuiteit in die rigting nie.

Omdat die wenelement beklemtoon word ten koste van 'n langtermynbeplanning van afrigting, lei die gehalte van sport, veral op 'n breë basis van deelname, onberekenbare skade.

- Aangesien die sportafrigtingspraktyk tans nie aan sy doel beantwoord nie, kan dit nie anders nie as tot die gevolgtrekking te geraak dat daadwerklike stappe geneem moet word om die probleme op te los.

1.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is eerstens om te bepaal of professionalisering in die sportafrigtingspraktyk tot groter sportdeelname en beter sportprestasie sal lei.

Tweedens is die doel om vas te stel in watter mate professionalisering in die sportafrigtingspraktyk reeds plaasvind en wat gedoen kan word om dit ten volle deur te voer.

Om die doelstellings te realiseer moet twee sake wat baie nou by sportgebeure betrokke is, naamlik sportwetenskap en sportafrigting, soos dit in die Republiek van Suid-Afrika en in leidende sportlande in die buiteland figureer, ondersoek word. Die gegewens moet daarna geëvalueer word sodat vasgestel kan word in watter mate dit rigtinggewend kan wees in die aanbieding van 'n opleidings en administratief-organisasoriese model vir die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika. 'n Model wat aan die eis van professionalisering voldoen.

Sportprofessionalisme gaan gepaard met die professionalisering van die aspekte wat direk met sport te make het, naamlik administrasie, wedstrydbeheer, finansies, geriewe, publikasies, afrigting, deelname, opleiding en tegniese hulpmiddels (Scholtz, 1982).

Wanneer professionalisering van sportafrigting indringend ondersoek word, kom verskeie belangrike aangeleenthede daarvan na vore, byvoorbeeld:

- die beheer en koördinerings van afrigting

- die opleiding van sportafrigters
- die verskillende instansies verantwoordelik vir afrigting en ook die vlakke van deelname
- die posisie van die sportafrigter ten opsigte van beroepsmoontlikhede, beroepsekuriteit, besoldiging en aansien in die gemeenskap, asook die daarstelling van professionele status vir die sportafrigter
- die ekonomiese implikasies van die afrigtingspraktyk en
- die publikasie en verspreiding van navorsingsresultate sodat dit in die praktyk toegepas kan word.

Alhoewel met hierdie ondersoek ook aangetoon wil word dat die professionalisering van sportafrigting nouliks 'n werklikheid kan word sonder die volle integrasie van die sportwetenskap (sportkunde) by die afrigtingspraktyk, word laasgenoemde tog as 'n aparte dissipline van die sportgebeure bespreek. Dit word gedoen omdat die sportwetenskap ook ten nouste by ander aspekte van sportgebeure, waarvan sportafrigting een is, betrokke is.

Teenslae en swak prestasies op sportgebied het al dikwels gelei tot besondere pogings deur belanghebbende persone om hulle sporthuishoudings in orde te kry. In die verband kan die pogings van die Oos-Duitse owerheid pas na afloop van die Tweede Wêreldoorlog genoem word. Ten koste van algemene behuising vir die gewone bevolking is geriewe vir die opleiding van afrigters tesame met 'n doeltreffende organisasie daargestel, sodat sportgebeure so spoedig moontlik weer normaal kon voortgaan (Gilbert, 1980:59).

Die uitslae tydens Olimpiese Spele word dikwels as maatstaf gebruik om lande se internasionale sportstandaarde te evalueer. Swak prestasies tydens hierdie spele het al dikwels gelei tot die hervormings van veral die sportafrigtingspraktike van verskeie lande. In die verband kan die reaksie van die Switserse sportleiers na die 1946-Olimpiese winterspele genoem word. Na deeglike besinning is 'n afrigtersopleidingskema geïmplimenteer (Schilling, 1983). Verder het die reaksie van die Kanadese as gevolg van swak sportprestasies gedurende die sestiger jare tot 'n sportondersoek gelei: "Task Force on Sport" (1969) en die gevolglike afrigtingstruktuur. Die Australiërs het ook 'n afrigtingsakkrediteringskema geloods met die vertroue dat dit sou meehelp om hulle sporteer te herstel, nadat die Australiese span van die eerste plek op die wêreldranglys, na 1956 se Olimpiese Spele, teruggesak het na die 32ste posisie ná die Olimpiese Spele van 1976.

In dieselfde verband kan die teenslae wat Suid-Afrikaanse sport op veral internasionale vlak ervaar, gesien word as een van die aanleidende faktore vir die RGN-sportondersoek wat in 1982 voltooi is. Hierdie ondersoek word beskou as van die omvattendste wat nog op sportgebied onderneem is (Scholtz, 1982). Hierdie onderhawige ondersoek moet ook beoordeel word as 'n poging om veral ten tye van die sportisolاسie waarin Suid-Afrika verkeer en te midde van die ongekende vordering wat op die gebied van die sportwetenskap gemaak word, die sportafrigtingspraktyk in Suid-Afrika so te orden dat dit diensbaar sal wees aan die Suid-Afrikaanse sportlui en om so 'n bydrae te lewer wat hulle sal help om met internasionale sportprestasies en -praktyke tred te hou.

1.4 DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK

1.4.1 Inleiding

Wanneer inligting versamel moet word, moet die prioriteite met betrekking tot hierdie inligting bepaal word en 'n strategie moet dan uitgewerk word vir die versameling daarvan. Aandag moet gegee word aan kritieke en sleutelinligting wat by wyse van vraelysopnames, korrespondensie, persoonlike onderhoude en beskikbare literatuur ingesamel kan word. Dit moet lei tot die wetenskaplike kwaliteit van die ondersoek en 'n uiteindelijke logiese besluitneming en die versekering van professionaliteit ten aansien van sportafrigting.

Kundigheid ten opsigte van die bepaalde ondersoekveld is nodig sodat die sleutelinligting geïdentifiseer kan word. Hierdie bevindinge moet vervolgens geïnterpreteer en verklaar word en dit moet weer tot werkbare oplossings en aanbevelings lei. In hierdie verband word in die RGN-sportverslag (1982, 20:32) beweer: "Die navorser se kritieke inset lê daarin om die verslag ter tafel te kry; die besluitnemer en kundige praktisyn moet help dat by werkbare en realistiese oplossings uitgekome word".

In die onderhawige studie is die besluite wat geneem is en die aanbevelings wat gemaak is, logiese uitvloeisels van die navorsingsgegevens wat ter tafel gekom het.

1.4.2 Die versameling van inligting

Met hierdie ondersoek is inligting op die volgende wyse versamel:

1.4.2.1 Buitelandse inligting

Die meeste inligting aangaande die situasie in die buiteland, is deur middel van persoonlike onderhoude bekom. Tien verskillende leidende sportlande is vir die insameling van die gegewens besoek. In hierdie verband word die volgende lande genoem.

- a) Die Midde-Ooste
Israel
- b) Die Amerikaanse vasteland
Kanada
Verenigde State van Amerika
- c) Die Britse Eilande
Engeland
- d) Wes-Europa
België
Die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland
Frankryk
Nederland
Oostenryk
Switserland

Relatiewe inligting soos in die literatuur beskikbaar ten opsigte van bogenoemde lande is ook gebruik.

Verder is inligting met betrekking tot die buiteland deur middel van beskikbare literatuur en/of korrespondensie verkry. Dit geld onderstaande lande:

- a) Oos-Europa
Die Duitse Demokratiese Republiek
Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke
- b) Australasië
Australië

1.4.2.2 Inligting uit die Republiek van Suid-Afrika

Kritieke- en sleutel-inligting wat betrekking het op die onderhawige studie en wat geïdentifiseer kan word uit die verslae van die RGN-sportondersoek (1982) is geëvalueer ten aansien van bruikbaarheid in die bereiking van logiese gevolgtrekkings en werkbare voorstelle wat hieruit kon voortvloei.

Baie inligting is versamel uit die temas wat uiteindelik die kern van die RGN-sportondersoek gevorm het. Onder hierdie temas kan die volgende genoem word:

- a) Sport as 'n universeel-menslike verskynsel
- b) Beginsels en riglyne vir sportvoorsiening
- c) Sportbetrokkenheid, deelname patrone en demografiese tendense
- d) Sportinligtingsvoorsiening
- e) Fisiologies-mediese aspekte van sportdeelname en oefeninge
- f) Mannekrag in sport

- g) Opleiding en navorsing
- h) Sportfasiliteite
- i) Sportfinansiering
- j) Sportbestuur
- k) Toekomsstrategie ter bereiking van optimale sportvoorsiening.

Inligting wat in verband met die situasie van sportkunde en die professionalisering van sportafrigting in die RSA benodig word en wat nie in die RGN-sportondersoekverslae beskikbaar is nie, is deur middel van vraelyste, persoonlike onderhoude en beskikbare literatuur verkry.

Die volgende teikengroepe is op hierdie wyse betrek:

- a) Nasionale sportbeheerliggame

In Vraelys PSA/1, 1983 (Bylae A) is aan verskeie nasionale sportbeheerliggame gestuur. Aangesien meer as een nasionale liggaam in verskeie sportsoorte bestaan, is sommige van die nasionale sportbeheerliggame gekies wat by die Suid-Afrikaanse Sportfederasie geaffilieer is.

Die sportsoorte wat geselekteer is, sluit aktiwiteite vir jong en ouer deelnemers in en is verteenwoordigend van aktiwiteite wat deur die vier bevolkingsgroepe naamlik die Asiërs, Blankes, Kleurlinge en Swartes in Suid-Afrika beoefen word. Verder is individuele en spansportsoorte betrek, asook sportsoorte wat met en sonder implemente beoefen word.

Vraelyste is aan 28 nasionale sportbeheerliggame gestuur waarvan 22 (78,6%) die voltooide vraelys terugbesorg het. Sportsoorte waarvan gegewens gebruik is, is die volgende: Netbal, Rugby, Dameshokkie, Manshokkie, Atletiek, Basketbal, Boks, Gholf (mans), Judo, Karate, Korfbal, Muurbal (mans), Pluimbal, Rolbal (mans), Rolbal (dames), Rolbal (Blindes), Sagtebal, Stoei, Swem, Tennis, Vlugbal en Krieket.

b) Tersiêre opvoedkundige inrigtings

n Vraelys PSA/2, 1983 (Bylae B) is aan 37 tersiêre opvoedkundige inrigtings gestuur. Van hierdie teikengroepe het 29 (78,3%) gereageer. Onder die respondente was

- i) vyftien universiteite (die universiteite van: Stellenbosch, Pretoria, die Oranje Vrystaat, Potchefstroom, Kaapstad, Rhodes, Natal (Durban), Natal (Pietermaritzburg), die Witwatersrand, Wes-Kaapland, Durban-Westville, die Noorde, Fort Hare, Zoeloeland en die Akademie vir Tersiêre Onderwys, Windhoek);
- ii) agt onderwysopleidingskolleges (Potchefstroom, Pretoriasê. Onderwyskollege, Pretoria College of Education, Goudstad, Port Elizabeth, Edgewood, Bloemfontein en Windhoek);
- iii) ses teknikons (die teknikons van Natal, die Kaap, Pretoria, Vaaldriehoek, Port Elizabeth en M.L. Sultan).

Al die verskillende soorte tersiêre opvoedkundige inrigtings is dus by die ondersoek betrek. Al vier die ver-

skillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (die Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes) word ook verteenwoordig.

c) Die Suid-Afrikaanse Magte

Vraelys PSA/2, 1983 (Bylae B) is ook aan die drie afdelings van die Suid-Afrikaanse Magte gestuur. Antwoorde van twee naamlik die Weermag en die Afdeling Gevangnisse van die Departement van Justisie is terug ontvang.

d) Persoonlike onderhoude

Ten slotte is persoonlike onderhoude ook te Stellenbosch, Kaapstad, Pretoria, Johannesburg en Potchetstroom gevoer ten einde verdere inligting te bekom.